PREDIKANTE:
dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
ds. Rynhardt Pretorius
☎ 074 944 7769

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

Gereformeerde Kerk Benoni

Rom 12:2

Polsslag

10 Februarie 2019

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

VRA JOU VRAE, VOORSTELLE OF KOMMENTAAR:
https://goo.gl/WFtT3F

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

EREDIENSTE:

09:00 OGGENDDIENS

ds. Rynhardt Pretorius
Sleutelgedagte 3: Die Bybel!

Skrifgedeelte: *2 Timoteus 3:10-4:8*
Fokusvere: *2 Timoteus 3:16 & 17*
Tema: *Oos, Wes, Tuis Bes!*

17:00 JEUGDIENS

ds. Rynhardt Pretorius
Reeks tema, #3: OP KOERS!

Skrifgedeelte*: Genesis 3:1-9*
Fokusvers*: Genesis 3:9*
Tema: *Rock, Paper, Scissors!*

18:30 AANDDIENS

dr. Braam Krüger
Reeks: Kolossense #5

Skrifgedeelte: *Kolossense 1:21-23*
Fokusverse: *Kolossense 1:21-23*
Tema: *Wonderbaarlike verlossing!*

KOINONIA

Ons gee om vir mekaar

ONS DRA DIE VOLGENDE LIDMATE OP IN GEBED:

- Tiena Koen ontvang behandeling vir 'n bloedklont in haar been.
- Kotie Haasbroek se ma is in die hospitaal opgeneem. Haar gesondheid het vining agteruit gegaan.

Gods seën op 'n spoedige herstel.

LIDMATE VERTREK MET ATTESTAAT:
Jaco en Marika Smook na NGK Potchefstroom Mooifontein

DIE VOLGENDE WORD VANDAG BY DIE GEREFORMEERDE KERK BENONI OPGENEEM AS LIDMATE:

Babsie Jansen van Vuuren en
Annetjie Boshoff

Hartlik welkom by ons!

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS BY DIE EREDIENS.

KOM GENIET GERUS 'N KOPPIE TEE / KOFFIE SAAM MET ONS NA DIE DIENS IN DIE SAAL.

GKSA BEROEPENUUS

Beroepe ontvang:
Prop HM Stavast (Herman) na GK Piet Retief.
Beroepe aanvaar:
Prop HM Stavast (Herman) na GK Piet Retief.

BYBELPLASINGSTOER NA MALAWI

Die Deputate Jeugsorg is opgewonde om hul Bybelplasingstoer na Malawi bekend te maak.

Dié toer is van 23 Junie tot 4 Julie 2019.

Meer inligting is beskikbaar by **www.gkjeug.co.za.**

OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK 10 - 17 FEBRUARIE 2019

DAG	TYD	GELEENTHEID	KONTAKPERSOON
Vandag	09:00 17:00 18:30	Oggenddiens & Katkisasie gr 1 - 7 Jeugdiens & Katkisasie gr 8 - 11 Aanddiens	
Maandag	09:30 19:15	Rynpark 5 Bybelstudie DUST Bybelstudie	Adri Goede 083 654 4821 Melani van Wyk 072 592 8866
Dinsdag	08:00	Koördineringsvergadering	Ronel Ritchie 081 218 3048
Donderdag	19:00	Studente en jong werkendes bybelstudie (Wyk F28)	Nico Boshoff 081 049 7066
Vrydag	06:30 09:00	Mans gebedsgroep Bybelstudie	Schalk van Eeden 082 561 9409 Braam Krüger 082 459 5636
Sondag 17 FEB	09:00 18:30	Oggenddiens - Nagmaal & Dankseggingsete Aanddiens - Nagmaal	

OUDERLING DIENSBEURTE	
Vandag	Pieter Venter
Volgende week	Ronel Ritchie
TEESKINKBEURTE	
Vandag	Wyk A6
17 Februarie	Wyk E25A

GK BENONI KOOR:

Die Paas/Pinkstersangdiens is Sondag 9 Junie tydens die 5uur diens. Hiermee 'n hartlike uitnodiging aan enige gemeentelid (enige ouderdom) om saam te kom sing in ons eie koortjie. Dit is egter nie die moeite werd indien daar nie **ten minste 12 persone** is nie. Ons wil graag Sondag 25 Februarie begin oefen - 17:00 in die saal (tydens die jeugdiens). Enige iemand wat graag sing is welkom. Kontak Tarina van der Merwe
083 7855 5345 /tarina@gkbenoni

VERJAARSDAE 10 - 16 Feb 2019

BAIE GELUK AAN ALMAL WAT HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK VIER! MAG DIT 'N GESEËNDE LEWENSJAAR WEES.

DATUM	NAAM	KONTAK NO.
10/02	Patric Katz	072 140 0035
11/02	Tienie Tait * Ben van der Walt	083 617 5837 082 856 2622
12/02	Pieter Vermaak	071 681 1387
13/02	Amoré Human ☺ Melani van Wyk Jacob van Wyk	 072 592 8866 073 403 9691
14/02	Pieter Kotzé	083 306 6451
16/02	Marius du Plessis Zeenat Hector Amanda Jansen Poppie Nel * Kristen Shaw	082 923 2732 061 242 1944 082 462 9116 083 548 6186

SO. 17 FEB

DANKSEGGINGSETE

Na die oggenddiens & Nagmaalviering op die 17de Feb sal daar 'n dankseggingsete aangebied word. Kaartjies vandag beskikbaar by Ina Bolt of Ina van Eeden. Kaartjies sal tot Woensdag 13 Februarie beskikbaar wees. Ongelukkig sal daar **GEEN** laat RSVP's aanvaar word nie.

Koste: R25 per person. Voorskoolse kinders gratis.

Spyskaart: Souttert, mengelslaai, broodrolletjie en vir nagereg 'n roomyshoringkie..

Bring asb eie drinkgoed, eetgerei en glase saam.

BORG-'N- BYBEL

Volgens ons jaarprogram fokus ons hierdie week op die Bybel en volgende week se kollekte tydens Nagmaal gaan vir die GKSA se projek Borg-'n-Bybel. Hierdie projek was in die verlede bekend as Bybelverspreiding maar aangesien dit verwarring veroorsaak het en net kollektebedrae beloop het, het die GKSA besluit om eerder gemeentes te versoek dat elke lidmaat 'n skenking maak ten bedrae van die koste van 'n Bybel . Die koste van 'n hardeband Bybel beloop huidiglik R115.
Ons het verlede jaar R38154.59 oorbetaal aan die GKSA waarop ons graag hierdie jaar wil verbeter.
Ons gemeente se Bybelverspreiding bestaan uit drie bene nl: **GKSA Borg-'n-Bybel**
Afrika-projekte vir uitreike en Bybelverspreiding in afgeleë gebiede soos Lesotho.
Bybelaksie vir lokale Bybelverpreiding deur ons lidmate in ons omgewing.
U sal vandag weer 'n pillebotteljie ontvang en ons versoek dat u dit vul met R5-munte en volgende week afdra saam met u kollekte dat ons die projek op 'n goeie voet kan afskop.
Hou gerus die barometerbord in die portaal dop wat volgende week ons mikpunte en fondsestand sal toon.
Broeders en susters dit was Jesus se laaste en Groot opdrag! Mat29:19.
Vir meer inligting kontak Pieter Venter 0834578861 of pavoptom@global.co.za

DIENSGROEP BYBELVERSPREIDING.

Die Diensgroep het namens ons Gemeente op Sondag 13 Januarie, 96 Engelse, Sesotho en IsiZulu Bybels en 40 kinderwerksboekies afgedra na afloop van die erediens aan die lidmate van GK Daveyton met die versoek dat die Bybel geskenk moet word aan iemand in die gemeenskap wat nie 'n Bybel het nie.
Ons was hartelik en met ware broederlikheid ontvang, het 'n mooi erediens saam beleef en is gevra om GK Daveyton in ons gebede op te dra.

Sondag 24 Februarie gaan ons GK KwaThema besoek met dieselfde missie en ons nooi graag lidmate en kleingroepe uit om saam te gaan en te beleef hoe ons mede Gereformeerde broeders en susters van ons buurgemeentes hulle geloof in hulle kultuur uitleef met die minimum hulpmiddels en fasiliteite maar met totale geloofsoorgawe.

Ons bede is dat die Diensgroep in u gebede sal wees en dat God se seën ons gemeente sal opskerp om die Groot Opdrag te volvoer.
Kontak gerus Pieter of Lenie Venter by 0834578861 of pavoptom@global.co.za vir meer inligting.

8 - 10 MAART ## MANNE-NAWEEK

Die manne & seuns van die gemeente gaan weer die naweek van 8 tot 10 Maart 2019 wegbreek. Alle mans en seuns word aangemoedig om hierdie wegbreek-naweek by te woon.

Almal wat wil saamgaan is verantwoordelik om self te bespreek en te betaal. Besprekings kan gemaak word deur die onderstaande webblad, of skakel Stableinn direk op 082 893 2921.

Stable Inn Lodge in Strubenvale, Springs is 'n klipgooi van Benoni af, en almal kan op hul eie tyd arriveer.

Gaan kyk gerus na die webblad vir pryse :
stableinn.co.za
Kontak Stefan Coetzee op 083 785 2713
as jy meer wil weet

Wanneer: Vrydagaand 22 Februarie 2019

Waar: GK Benoni, 24b Miles Sharpstraat, Rynfield

Hoe laat: 18:00 - 21:30

Bring saam: Eie piekniekmandjie met eet– en drinkgoed en iets om op te sit of lê(slaapsak, beanbag, stoel of kombers)

Laat wees asb. jou katkisasie tannie as jy wil kom!

Navraag: Otto Coetzer 083 324 1459

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK: ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING: Volle Naam, Van & Doel

Diens van Barmhartigheid

Emeritaatsversorging

PALMS 2019 JAARPROGRAM

21 Feb	Tema : Liefde. (Voordrag en sang) Gaskunstenaar : Anserie Badenhorst
20 Mrt	Braai (Reelings sal deurgegee word)
17 Apr	Gaskunstenaar: Izak Davel (sanger en TV aanbieder)
15 Mei	Skoolkoor: Lise Calitz
19 Jun	Lu-Anel van Staden en Danie vd Westhuizen
17 Jul	Geen funksie
22 Aug	Gesellige kuieroggend. Teelepelete
18 Sept	Lentekonsert. (Philip Moolman)
16 Okt	Marumba-orkes (Lise Calitz)
21 Nov	Afsluiting. Kunstenaar: Dawie Rotteveel

SOEK DIE BYBELVERS

3 Februarie 2019 se antwoord: 1 Samuel 9:3
" Toe daar op 'n keer donkies van Kis, Saul se pa weggeraak het, het hy vir sy seun Saul gesê: " " Vat een van die slawe saam, maak klaar en gaan soek die donkies.""

Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur: Jan Lubbe; Riana de Bruyn; Evert Bolt; Martie Gibson; Chrissie Pretorius; Klein de Kock; Jan Bakker; Judy Greyling

Hierdie week: Soek die Bybelvers
" Toe Set 105 was, het hy die vader geword van ????".
Vraag: Wat was Set se seun se naam?
Lees gerus Genesis en noem Set se seun se naam en verskaf die vers waar dit staan, en SMS die naam met jou Naam en Van na 082 873 3173.

KOLLEKTES

Kollektes van 27 Januarie:

Diens van Barmhartigheid	R 9493
Teologiese studentekas:	R 2626
Jeugfonds:	R 226

KOLLEKTES VANDAG:

Kollekte in die banke: Diens van barmhartigheid
Deurkollekte: Emeritaatsversorging

Deurollektes volgende week: Borg-'n - Bybel